

26 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 2

God skep sy kerk wat lewe en één is

Ons ken die dood. Dikwels stap ons verby 'n dier wat doodgery is en sien die verminkte liggaam en ruik die ondraaglike reuk. So en baie erger was ons en sou ons gebly het as God nie anders besluit het nie. Ons sondige begeertes en ons wilde drange om te doen waarvoor ons lus is, het ons doodgewurg. God, die Regverdige, sou ons ewig moes straf. Maar God wat ryk is in barmhartigheid het ons innig lief. Hierdie "maar" van God, maak die verskil tussen ons geestelike dood en ons nuwe lewe. God stuur sy Seun in die stinkende, ontbinde wêreld in om dit wat ons doodwurg, die sonde, op Hom te plaas. Met sy goddelike krag staan ons Here op uit hierdie dood en ons saam met Hom. Ons lewe nie net nie, maar ons is God se nuwe skepping. Deel van die dood was verdeeldheid onder ons: ons was vyande van mekaar, vervreem van God se volk, sonder Christus, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar (weer die "maar" van God se genade) Christus is ons Vrede en daarom ons vredemaker. Hy neem die vyandskap weg en skep die kerk uit alle volke en tale. Die kerk word nou sy huisgesin en kom onder die Koningsheerskappy van Christus. God bly nou in ons deur sy Gees en ons kan dus nooit meer sonder God wees nie. Dank God vir sy kunswerk, die kerk, jy en ek! En leef in vrede met mense in jou eie kerk en in ander kerke.

Sing: Skrifberyming 27:4,5 Prof BJ de Klerk (Teologiese Skool Potchefstroom)